




Jrg. 12. Kaapstad, 3 Desember 1952. Prys 3d. Nr. 3.

BELANGRIKE SITTING VAN BEHEERRAAD

Kaaplandse offisiere van die Ossewabrandwag word herinner aan die belangrike en buitengewone vergadering van die Kaaplandse Beheerraad wat gehou sal word in die Ebenezer-saal, Voortrekkerweg, Maitland (langs N.G. kerk) op Saterdag, 13 Desember van 10-uur in die oggend.

Dr. F. D. du T. van Zyl, Kaaplandse leier, het benewens hoofgeneraals, hoofkommandantes en generaals ook ander offisiere uitgenooi. Hy het generaals verlof en opdrag gegee om hul hoofkommandante, asst.-hoofkommandantes, kommandante, kommandantes, en/of ander offisiere saam te bring na die vergadering.

In der waarheid sal op hierdie vergadering die voortsetting van die stryd in Kaapland vir die partylose republiek beplan word; en dr. Van Zyl rig die ernstige versoek aan al die

betrokke offisiere om, onder enige omstandigheid die vergadering by te woon. Dit is noodsaaklik vir die welslae van die doeleindes van die vergadering dat die Beheerraad volkome verteenwoordigend van die offisiërkorps van die Ossewabrandwag in Kaapland sal wees.

Die doel van die vergadering is om aan die offisiere die voor-genome plan van optrede in 1953 voor te lê; goedkeuring daarvoor te kry; en bowe al besluite te neem ten aansien van die uitvoering daarvan.

BRITTANJE SE PLAKKERS NOG ERGER

Nuwe soort plakkersdorpe is besig om groot afmetings aan te neem in Brittanje. Dit is die karavaan-dorpe wat reeds altesame 'n kwart miljoen Britse gesinne huisves.

Ná die oorlog het mense in toenemende getalle in karavane begin woon. Op sommige plekke is ingerigte persele vir die doel afgesonder waar water aangelê en sanitasie-instellings aangebring is, maar op baie ander plekke verhuur uitbuiters somer oop lappe grond aan die plakkers waar hulle saamskool tot soveel as 100 karavane per morg. 'n Groot aantal van hierdie „karavane" is eintlik niks anders as ou bus-bakke en ander ashoopmateriaal, waarvoor hulle tot £20 per jaar betaal. Na berig word, sien sommige van hierdie plakkersdorpe daar erger uit, veral na reëns, as die natuurleplakkersdorpe in Suid-Afrika.

GEHEIME WAPEN VAN RUSSE

Duitse wetenskaplikes in die sowjet-deel van Duitsland het daarin geslaag om 'n do-destraal te ontwikkel wat in staat is om vliegtuie op 'n afstand van etlike myle aan die brand te steek. Op korter afstande kan dit mense onmiddellik doodmaak. Die nuus is afkomstig van ondergrondse kommunistiese kringe, en hoewel Westerse militêre instansies die berig met 'n mate van wantroue bejeën, probeer hulle meer inligting daaromtrent inwin.

Volgens die inligting wat ontvang is, is reeds 140 van die straalwerpers aan Rusland gelever, en word dit te midde van die uiterste geheimhouding deur die Zeiss-fabriek vervaardig. Die Oos-Duitse polisie het 'n kordon van tien myl diep rondom die dorp Braunsberg getrek om die fabriek geheel en al van die buitewêreld af te sluit.

Die straalwerpers kan vertikaal of horisontaal opereer,

en in die lug werp dit 'n gordyn op van dodelike strale waardeur geen vliegtuig kan gaan sonder om aan die brand te slaan nie.

Mau-Mau Skok Britse Mening Tot Bedaring

Die Mau-Mau-veldtog in Kenia het blykbaar 'n heilsame uitwerking op die Britse mening in verband met natuurlebeleid in Suid-Afrika. Sedert die onrus in daardie Britse kolonie het die kritiek op Suid-Afrika in die Britse pers aansienlik matiger en in enkele gevalle selfs simpatiek geword. Twee Britse koerante, die Daily Telegraph en Manchester Guardian, het vir die Unie in die bresse getree teenoor die Indiese aanvalle in die V.V.O., terwyl die aartsbiskop van Kantelberg, dr. G. Fisher, verlede week Britte aangemaan het om hul liever nie oor die rassevraagstuk in Suid-Afrika uit te spreek nie omdat hulle nie genoeg daarvan weet nie.

Toekomsplanne van Vroue

Verlede week het die vroue wat gereeld die laaste Woensdag van elke maand bymekaar-kom in Kaapstad, die sluitings-vergadering van hierdie jaar gehou in die Groote Kerkgebou. Daar was 'n mooi opkoms en ooreenkomstig besluit van die vorige vergadering het

die vroue gebak saamgebring en dit verkoop in die Vriendskapsentrum. Alles is gou van die hand gesit en £5/6/6 is op dié wyse ingesamel.

Mev. C. F. Lombard, die vrouleider, wat die vergadering gelei het, het gesê dat die vroue in elke dorp en distrik in Kaapland gereeld moet vergader om te werk vir die instandhouding van die nuwe blad — Die Republikein. Die vergaderings van die vroue moet gesellige byeenkomste wees — in die vorm van werksgeselskappe of woekeraande. Die vroue aanvaar dit as 'n ereplig om belangstelling te wek en ondersteuning te gee aan Die Republikein, het sy gesê.

Die vroue het besluit om 'n klein Uitvoerende Komitee aan te wys wat die bedrywighede van die maandelikse vergaderings sal beplan en reëlings sal tref om verteenwoordigende bywoning te verseker. Die lede is mev. C. F. Lombard, M. van Rooyen en M. Truter.

Owerigens het die vroue besluit om etes en verversings te verskaf, in die saal, aan die offisiere wat die vergadering van Kaaplandse Beheerraad op 13 Desember in die Ebenezer-saal te Maitland bywoon. By die geleentheid sal mev. Lombard ook die vroue uit die binneland ontmoet en samesprekings met hulle voer.

Moskou Word Anti-Joods

Moskou het sy hand teen die Jode gedraai. Die afgelope week is agt leidende Jode in Tsjeggo-Slowakye ter dood veroordeel, en drie tot lewenslange gevangenisstraf.

Die een Jood na die ander in hoë betrekkinge is die afgelope tyd in die pad gestee en een van die laastes, Anna Pauker, minister van buitelandse sake in Roemenië, is 'n paar maande gelede verwyder. In Pole wag 'n vroeëre adjunkpremier, Wlaskomulka, sy lot nog af in die tronk. Die pers berei reeds sy verhoor voor met 'n driftige anti-Joodse veldtog.

Een van die agt ter dood veroordeeldes in Tsjeggo-Slowakye is die voormalige minister van buitelandse sake, Clementis. Hulle was aangekla van „kosmopolitanisme."

Vroue leef langer as mans en kort mense langer as lang mense. Statistieke toon dat mans tussen 5 voet 7 duim en 5 voet 9 duim die beste kans op 'n lang lewe het. Hulle bied ook beter weerstand teen siektes.

Predikante lewe langer as mense van ander beroepe.

ENGELSE VOLK MOEG VIR PARTYPOLITIEK

Radio stel Politici Aan Kaak

„Daar is 'n neiging aan ontwikkel om die getwis en gekibbel van die partypolitiek as 'n blote vorm van vermaaklikheid te beskou, en dit kan nog 'n groot uitwerking hê op die reputasie van die parlement en die groot partye," skryf die deeglike blad, Intelligence Digest, in 'n oorsig oor die politieke toestand in Brittanje. Die blad verklaar dat daar 'n algemene wantroue ten opsigte van die twee groot Britse partye by die werkende deel van die bevolking posgevat het.

„Die gemiddelde werker, al is hy ontevrede met die huidige regering, twyfel of 'n sosialistiese bewind iets beter sal uitrig, en hy hou nie van die gedagte nie dat dit maar net weer tot afbreking van konserwatiewe maat-reëls sal lei soos die Konserwatiewes die maat-reëls van die Sosialiste ongedaan gemaak het.

„Werkende mense voel uit die veld geslaan en verward oor die vooruitsig van nasionalisme, gevolg deur denasionalisasie, gevolg deur nasionalisasie . . .

„Die radio en beeldradio, veral beeldradio, is besig om die politici se prestiege neer te haal. Die werkende man sien nou baie duidelik dat 'n parlements-lid 'n doodgewone mens is, onderhewig

aan kleinlike swakheid, wat met groot werklikheid op die beeldradio aan die kaak gestel word, veral 'n slegte humeur, dubbelslagtigheid en bittere sarkasme. „Inderdaad is daar 'n neiging aan ontwikkel om die getwis en gekibbel van die partypolitiek as 'n blote vorm van vermaaklikheid te beskou, en dit kan nog 'n groot uitwerking hê op die prestiege van die parlement en albei die groot partye.

VERTROUW VERLOOR

„Trouens, ons korrespondent is van mening dat die leiers van alle partye bepaald hul aansien verloor en dat dieselfde ongelukkig met die parlemene gebeur. Volgens ons korrespondent het die gemiddelde kieser geen geloof in enige van die bestaande politieke partye en leiers nie. Indien dit juis is, is dit moeilik om te voorspel wat die toekoms inhou.

„Die belangrikste feit is dat Intelligence Digest byna nooit 'n brief van enige Arbeiderkieser ontvang wat werklik in sy party of leier glo nie, en skaars ooit 'n brief van Konserwatiewes wat nie krities teenoor hul party gestemd is nie.

SOEK IETS NUUTS

„Soms ontvang ons briewe van vaste geloof in hul partye van twee minderhede-aanhangers van die Liberale en Kommunistiese Partye. Die oorweldigende meerderheid briewe openbaar 'n begeerte vir die beëindiging van die partypolitiek, op sy minste vir die duur van die huidige wêreldkrisis.

„Dit kom voor of sulke briefskrywers 'n soort nasionale, nie-partypolitieke front begeer wat deur manne gelei word wat net die volksbelang op die hart dra en net die volk wil dien sonder vergoeding of beloning.

„Ons merk ook 'n groeiende humeurigheid aan die kant van party-mondstukke. Hulle skyn onbesonne en nie op hul gemak te wees nie. Miskien voel hulle aan dat die openbare mening ontevrede is met die hele gedagte om voort te gaan met politieke twis, en vooruitsien na iets nuuts."

GEVRYWAAR TEEN SY SEUNS

'n Engelse boer, E. J. Walker, het 'n versekeringspolis van £10,000 uitgeneem om skade te dek wat sy twee seuns (4 en 6 jaar oud) aan ander se eiendom me kan veroorsaak. Die polis kos 10s. per jaar — „'n geringe bedrag vir gemoedsrus," volgens hom.

Maak Dit Weer Ongedaan

Die Britse laerhuis het verlede Donderdag met 305 stemme teen 269 besluit om die staalbedryf, wat deur die vorige (Arbeiders) bewind genasionaliseer is, weer te denasionaliseer en dit aan private eienaars oor te maak.

Die nasionalisering (oorname deur die staat) van die bedryf het die Britse belastingbetaler indertyd miljoene ponde gekos. Sodra die Arbeidersparty weer aan bewind kom, sal die bedryf natuurlik opnuut genasionaliseer word. Dit is hierdie partypolitieke bedryf wat die Britse volk nou begin sat maak, soos blyk uit 'n berig in hierdie uitgawe.

V.V.O.-Amptenare Wil Nie Ontken Dat Hulle Rooi Is

„Hoewel die ondersoek nog skaars aan die gang is, het ons reeds 'n hele parade amptenare van die V.V.O. gevind wat weier om te sê of hulle lid van die Kommunistiese Party is, en in sommige gevalle geweier het om te antwoord op vrae of hulle betrokke was by spioenasie teen ons land," lui 'n verklaring van lede van die McCarran-kommissie wat in Amerika deur die senaat belas is met binnelandse veiligheid, en kort gelede die Amerikaanse personeel van die V.V.O. begin ondersoek het.

Volgens die sekretaris-generaal van die V.V.O., Trygve Lie, wat onlangs sy bedanking ingedien het, maar dit weer later teruggetrek het, het 'n regsadviseur van die V.V.O., Abraham Feller, uit 'n hoë gebou na sy dood geval „as gevolg van die spanning om V.V.O.-amptenare

te beskerm teen bekladding en oordrewe beskuldigings."

Die verklaring van die kommissie-lede lui voorts dat die skokkende aspek van die saak is dat so 'n groot aantal amptenare geweier het om onder eed te ontken dat hulle verband met die Kommunistiese Party het.

Lie het opdrag aan drie advokate gegee om die wettigheid te ondersoek van onder-vragings van V.V.O.-personeel deur sulke kommissies.

KERSWENSE

Onthou u kerswense in Die O.B. van 17 Desember. Dit moet ons bereik voor 12 Desember. Die tarief is 'n halfkroon per wens plus 1d. per woord vir al wat dit meer as 30 woorde is.

DIE O.B., WOENSDAG, 3 DESEMBER 1952

KOEL EN NUGTERE BERAAD

Op 28 November skryf Die Burger onder meer as volg in 'n hoofartikel:

„Op 18 en 19 November het die uitvoerende besture van die vier Munisipale Verenigings lank en deeglik in Pretoria oor die onlangse natuurlike-onluste en -opstootjies beraadslaag . . . Daarom het die konferensie, wat die hele saak koel en nugter agter geslote deure en vry van alle partypolitieke verbintenisse bespreek het, o.m. besluit

„Om by die regering daarop aan te dring dat hy onmiddellik die nodige verdere stappe doen met die oog op handhawing van orde en 'n gevoel van veiligheid by wetsegehoorsame burgers, en om in verband hiermee veral toe te sien dat wetgewing, indien nodig, ingedien word vir die inhegtenisneming van en gevangenhouding in 'n geskikte plek van leiers van die versetbeweging en alle agitators wat nie-blankes tot geweld oprui . . .

„Ons het om twee redes op hierdie saak teruggekom. Die konferensie en sy besluite toon eerstens hoe wesenlik eens die blankes oor kleursake voel en hoe eendragtig die optrede is wanneer partybelange nie die oordeel vertroebel nie. Maar tweedens haal ons 'n belangrike deel van die reeks besluite aan om die Sap-pers, die Sap-liberaliste en die Torch Commando daaraan te herinner dat hulle geen ongunstige kommentaar op die konferensie se besluite gelewer het nie . . .

Tot sover Die Burger.

Die les in hierdie gebeure waarna die blad verwys, stamp 'n mens vol op die bors: As Sappe op 'n munisipale konferensie, waar partybelange nie ter sprake is nie, „eendragtig” besluite kan neem wat 'n Nasionale Partyregering baie huiwerig sal wees om uit sy eie te neem uit vrees vir opposisiekritiek, dan lê die fout mos nie by die MENSE van die Sap-party nie, maar by die partypolitiek. En dan is die eerste voorwaarde vir 'n oplossing van ons kleurvraagstuk nie om teen die Sappe 'n verkiesing oor kleursake te gaan hou nie, maar om saam met hulle 'n konferensie te hou „wat die hele saak koel en nugter agter geslote deure en vry van partypolitieke verbintenisse” kan bespreek.

GEHURDE OPPOSISIE

En as die partypolitiek dan so 'n struikelblok is vir „koel en nugtere” beraad, dan behoort die allereerste stap in die rigting van die oplossing van ons kleurvraagstuk op sy minste te wees dat die partypolitiek nie deur die staat gesubsidieer moet word in die vorm van 'n £2,300-salaris aan die „Leier van die Opposisie” nie. Dan is dit hoog nodig dat mense wat die regering in sy kleurwetgewing wil beveg dit uit beginsel en oortuiging moet doen, en nie omdat hulle deur die staat daarvoor gehuur word nie.

Dit is inderdaad merkwaardig dat die „Sap-pers, die Sap-liberaliste en die Torch Commando” geen ongunstige kommentaar op die konferensie se besluite gelewer het nie. Maar wat sou die toestand nie opgelewer het aan kritiek en skrikaanjaging van die kant van bogenoemde instellings indien hierdie besluit deur die Nasionale Party-koukus geneem was nie! En wel net omdat dit in daardie geval 'n saak van partypolitiek sou wees; maar nou dat dit volkspolitiek is, waar munisipale verteenwoordigers „koel en nugter” beraad hou, is daar 'n „eendragtige besluit” wat enige nasionale Afrikaner kan bevredig — en die Sap-pers, die liberaliste en die Torch Commando vind selfs nie fout daarmee nie!

As 'n boer sy wa uit die modder wil trek, en hy huur eers sy buurman om agter die wa ook 'n span osse aan te haak wat teen die boer se osse moet beur aan die wa, sal almal hom van kranksinnigheid beskuldig. In ons openbare lewe egter word diegene van kranksinnigheid — of minstens van „afwykendheid” — beskuldig wat op die kranksinnigheid wys om 'n opposisie te huur wat die regering moet teenstaan in sy pogings om 'n vraagstuk van lewe of dood op te los.

Werwers vir

DIE REPUBLIKEIN

Die Republikein wil graag een of meer amptelike intekenaarwerwers hê in elke dorp en distrik. Persone wat bereid is om hierdie noodsaaklike diens te verrig, moet asseblief dadelik met Die Republikein, Posbus 1411, Kaapstad, in verbinding tree vir die nodige magtiging.

'n Kommissie van 2s. 6d. sal betaal word ten opsigte van elke intekenaar wat vir 'n jaar (volopbetaal) gewerf word.

Hier is 'n kans vir studente om 'n hele paar pond sakgeld te verdien!

SKRYF DADELIK!

Van die Os op die Esel

Sunday Express verras my

Ek vind dit nie dikwels moontlik om saam te stem met die menings wat die redakteur van die Sunday Express (Johannesburg) in sy koerant uitspreek nie. Dit vertolk so selde die lewenskragtige nasionalisme waarvan ek hou. Maar ek moet bekken dat die redakteur my verras het in die jongste uitgawe van sy blad.

Hy het geskryf oor die V.V.O. se besluit om 'n kommissie van drie lede te benoem om „apartheid” in ons land te ondersoek. Hy keur die besluit af en gee dan die blad se standpunt oor die mees doeltreffende optrede wat die regering onder die omstandighede moet volg. En dit is veral hierdie standpunt wat my so verras het.

Voordat ek die blad se standpunt opsom wil ek my lesers daaraan herinner dat die Sunday Express beskou word as die nie-amptelike mondstuk van die Torch Commando. Nou weet u wie dit is wat aan die woord is.

Voorwaardes aan V.V.O.

Aangesien Suid-Afrika 'n lid is van die V.V.O. en 'n lid behoort te bly — aldus die Sunday Express — gee die blad die volgende advies aan die regering oor die houding wat hy behoort in te neem ten aansien van die V.V.O. se besluit insake die kommissie van ondersoek na apartheid in ons land:

Die regering keur die V.V.O. se inneming in die huishoudelike sake van ons land ten strengste af, maar aangesien dit nou die besluit is van die meerderheid van die lede van die wêreldorganisasie, waarvan Suid-Afrika ook lid is, onderneem die regering om die kommissie van ondersoek behulpzaam te wees, egter op bepaalde voorwaardes.

Dis hierdie voorwaardes wat ek so interessant vind.

Die voorwaardes is:

As Suid-Afrika se huishoudelike sake ondersoek word dan moet dieselfde kommissie die sake van die Britse, Franse, Portugese en Belgiese gebiede in Afrika ook ondersoek;

Hulle moet die sake van die Soedan ondersoek waar die samelewing in ryk en arm stande verdeel is, wat so ver soos die ooste van die weste verwyder is van mekaar;

Agterbuurtes van Liverpool

Hulle moet die sake ondersoek van Egipte met sy wemelende bedelaars-massas.

Hulle moet ondersoek instel na die ellendige toestande in Morokko (en selfs na die agterbuurtes van die Engelse stad Liverpool en die opstootjies daar wat werklik 'n internasionale betekenis het);

Hulle moet ondersoek instel na die toestande in Indië en Pakistan waar, tydens die tydperk van die V.V.O. se besprekinge, 'n miljoen mense gesterf het en waar miljoene nog onder die broodlyn lewe;

Hulle moet die Amerikaanse Rooihuidreserwes ondersoek waar groot getalle mense (vanweë die kleur van hulle vel) saamgehoek is en van alkohol voorsien is totdat hulle hulle self kapot gesuip het;

Waar Slawerny nog heers

Hulle moet toestande in sommige Arabiese state ondersoek waar werklike slawerny nog bestaan;

Deur Sybrand

Hulle moet die stelsel van slawe-arbeid in Sowjet-Rusland ondersoek, waar der-duisende krygsgevangenes nog aangehou word — waar meedoënlose mense van die gevangenes gesê het: hulle sal Stalingrad in kettings herbou . . . en dit het gebeur;

Hulle moet die fascistiese diktatuur in Spanje ondersoek; sowel as die toestande in Argentinië waar 'n koerant onderdruk is omdat hy die regering gekritiseer het;

Hulle moet toestande in Indo-China ondersoek waar massamoorde al vir tien jaar gepleeg word tussen Franse magte en Moskou se handlangers;

Hulle moet toestande in Perisië ondersoek waar 'n verbitterde ou man oliebronne wil vat wat nie syne is nie;

Hulle moet toestande ondersoek agter die ystergordyn waar eienaardige verhoor plaasvind, waar mense misdade erken wat hulle moeilik kon gepleeg het, en waar mense dikwels glad nie verhoor word nie, maar somer verdwyn.

Wyse Diplomatie

By hierdie lys van aangeleenthede wat die V.V.O. se kommissie moet ondersoek voeg die Sunday Express nog „apartheid” in die suidelike state van die V.S.A.

My lesers sal saamstem dat dit 'n imponerende lys is.

Die Sunday Express sê dat sy advies aan die regering twee voordele het: eerstens, dit sal bewys dat daar groter bedreiging vir die wêreldvrede is as „apartheid” (of 'n mens nou met „apartheid” saamstem of nie); tweedens, die ondersoek na al die aangeleenthede wat genoem is sal so lank neem dat daar van die hele ondersoekery niks sal kom nie.

Volledigheidshalwe mag ek net byvoeg dat die Sunday Express die regering se voorname om die deur van ons land summier toe te klap in die gesig van die V.V.O.-kommissie as 'n domheid beskou. Die blad meen dat as die regering ooreenkomstig sy advies handel, hy wyse diplomatie sal beoefen. Vir my lyk die blad se advies nogal gangbaar — mits Suid-Afrika lid van die V.V.O. wil bly.

'n Tweede Debakel?

'n Leser uit die Paarl skryf aan my dat die hele V.V.O.-gedoente somer pure bog is. „Deur nie lankal uit te tree nie, het ons onself nou in 'n baie onbenydenswaardige posisie geplaas. Die V.V.O. (tesame met Suid-Afrika se verteenwoordiger in die minderheid) het besluit

dat 'n kommissie ons binelandse aangeleentheid, apartheid, moet kom ondersoek. Deur saam te redeneer het ons saam gespeel. Hoe gaan ons nou met eer uit die gedoente kom?

„Ons het onlangs in ons land die debakel van die sogenaamde Hoë Hof van die Parlement gehad. Maar dit was 'n onderonsie. Ek is so bang vir 'n tweede debakel — hierdie keer ten aanskoue van die hele wêreld.”

Moet eie Medisyne sluk

My leser, „Republikein,” van Stellenbosch herinner aan die Hollandse spreekwoord wat lui: boontjie kom om sy loontjie. Hy skryf dat Die Burger in sy hoofartikel-kolomme kla oor die Natsale koerant wat enersyds dr. Malan se uitnodigings-toespraak aan die Engelse kritiseer en verkleineer, maar andersyds tog nie die toespraak verbatim publiseer nie.

Dit is darem maar snaaks, sê my leser, om so 'n klagte van Die Burger te verneem. Is dit dan nie maar net sy eie medisyne wat die blad nou moet sluk nie?

„Is dit dan nie dieselfde Burger wat die Ossewabrandwag gekritiseer het sonder bygaande toesprake nie?

„Is dit dan nie dieselfde Burger wat sy doodswyg-beleid so ver gevoer het nie dat hy O.B.-advertensies en selfs Noodhulpfonds- (vir die geïnterneerde) advertensies geweier het?

„Is dit nie dieselfde Burger wat korrespondensie oor die Ossewabrandwag en oor kritiek op die Nasionale Party geweier het nie?

„A, nee, a, wat se klaery is dit dan nou.

„Handhaaf Die Burger nie nog maar steeds sy doodswyg beleid nie?

Nuus moet nie verswyg word nie

„Ek vra maar net nuus oor al ons Afrikaner-sake. Moenie nuus oor die menings en werksaamhede van sommige Afrikaners of Afrikaner-organisasies verswyg nie. Publiseer alles wat 'n nuuswaarde het; en laat dit aan die gesonde oordeel van ons volk oor om sy eie gevolgtrekkings te maak.

„Ek kan verstaan dat Die Burger vies voel as die Engelse koerante dr. Malan se toespraak wat hoofsaaklik vir Engelssprekendes bedoel was doodswyg. En tereg ook maar kan Die Burger verstaan hoe baie van ons voel as ons standpunt en ons organisasie se bedrywighede doodgeswyg word deur mede-Afrikaners en in 'n Afrikaanse koerant wat ons ook lees?”

BRAAIVLEISFUNKSIE

sal gehou word op die plaas

EIKENDAL

(van mnr. Sarel Maree) by

BRACKENFEL

op

SATERDAG, 6 DESEMBER 1952

vanaf 4-uur nm.

Van Kaapstad af lê die plaas aan die linkerkant, langs die Nasionale Pad, ongeveer twee myl van die brug oor die Nasionale Pad by Bellville.

LEDE VAN OMLIGGENDE KOMMANDO'S WORD HARTLIK UITGENOOI NA DIE FUNKSIE!

ALMAL IS WELKOM!

JEUG NIE MEER REPUBLIKEINS

Mr. A Stander, Parow, skryf:
Die algemene 'traak-my-nie-agtige' houding van Jong Suid-Afrikaners in die huidige toestand van ons land is te betreure. Politieke partye help mee om te verhoed dat jongmense vir hulself dink deur 'n slaafse vertroue in die party-leiers te propageer. Die partye dra wel sorg dat 'n liefde vir die land en taal ontwikkel, maar van volksliefde en navolging van 'n trotse tradisie is daar geen sprake nie. Dit wil voorkom asof ons voorvaders verniet gely en gestry het, want die vuur waarmee sommige jongmense van 'n onafhanklike republiek praat, ontbreek geheel by die meerderheid. Hulle neem die propaganda van party-leiers as waarheid en wet sonder om te oorweeg of dit verstandig is al dan nie.

Ons voorouers het goed en bloed geoffer vir hul vryheid en al het hulle dit nie behou nie, het hulle eerbaar uit die stryd getree en die ideaal wat hulle hulself gestel het vir ons as nalatenskap gelaat om daarop

voort te bou — voort te stry. Die Vrouemonument staan as 'n herinnering aan die barbaarsheid waarmee die Britse Ryk ons verknege het, en duiende jong Suid-Afrikaners sien daarin alleen 'n reliëf uit die verlede — sonder betekenis.

EMPIRE-GEBONDE

Die tyd vir 'n republiek in Suid-Afrika sal alleen ryp wees wanneer die jongmense — die mense wat die republiek se grootsheid in die ry van moondhede deur hul dade moet bepaal, die warme Afrikaner-bloed in hul polse voel klop tot aansporing om onafhanklik te wees.

Die huidige geslag van mense ouer as veertig sal hopelik die voldoening smaak om vry te word, maar dit sal die seuns en dogters van nou wees wat die gang van die republiek sal bepaal. Hulle is egter, met enkele uitsonderings, aan die Empaaiers verknog en ek kan hulle nie kwalik neem nie, want die voorbeeld wat deur Afrikaner-ministers gestel word is duidelik op nouer samewerking met die Empaaiers gemik. Die Britse Arbeiders-party en Indië val ons tydig en ontydig aan terwyl die regering net daaroor kla en geen stappe doen om die aanvalle te bestry nie. Die jeug sien op na die regering of opposisie om die toestand die hoof te bied en beloftes word gegee deur albei partye, maar dit bly net daar.

JEUG MISLEI

Die eerbaarste en enigste uitweg n.l. die uitroep van 'n republiek word doodgepraat deur onsinne verskonings. In die naam van die toekomstige Republiek van Suid-Afrika wil ek 'n oproep doen op alle persone wie se hart nog warm klop vir ons vryheid om die jongmense aan te spoor tot groter liefde vir ons vaderland en om hulp en leiding te verleen. Die grootheid van 'n volk lê in sy jeug, maar die party-politiek is besig om van die jongmense slaafse volgelinge te maak. Volgelinge op 'n pad wat verder en verder wegdraal van die tradisie van ons voorvaders.

Daar is gelukkig nog jong Afrikaner-seuns en -dogters wat besef dat die partye op 'n

Soos Ons Lesers Dit Sien

dwaalweg is en wat hulle bewywer vir sielsvryheid sowel as staatkundige en ekonomiese vryheid, maar die klein getal stem my soms droewig. Jong Suid-Afrika moet as een man vorentoe beurt tot bo-op die bult — daar waar die son in al sy glorie sal skyn op 'n vrye volk — die volk van die Suid-Afrikaanse REPUBLIEK.

Republikeine Se Plig

Dit is noodsaaklik dat elke republikein onmiddellik begin en voortgaan om intekenare te werf op Die Republikein.

Dit is 'n ereplig teenoor die republiek wat elkeen — sonder uitsondering — moet nakom.

U, ja u, word derhalwe dringend opgeroep om deel te neem aan die veldtog van intekenaarswerwing.

Skryf aan Die Sekretaris, Die Republikein, Posbus 1411, Kaapstad, vir intekenvorms, en — woel!

Britse Persbaas Republikeins?

Lord Beaverbrook, die Britse koerantmagnaat en 'n voormalige minister, is deur Randolph Churchill, seun van die Britse premier, beskuldig dat hy 'n republikein is wat die Britse koninklike instellings verwerp. Hy het beweer dat Lord Beaverbrook se koerante 'n veldtog aan die gang het om die Britse kroningsplegtigheid te veronagelukkig.

Son Veroorsaak Velkanker

Blotstelling aan die son is 'n belangrike oorsaak van velkanker by blankes, volgens 'n artikel in die Suid-Afrikaanse Mediese Tydskrif. Daar is bevind dat hierdie siekte baie selde by natuurlike voorkom, en dan hoofsaaklik by wit natuurelle.

Oor 'n tydperk van drie jaar is 3,666 gevalle van kanker in Transvaal ondersoek. Daarvan was 578 gevalle van velkanker, van wie 548 (of 95 persent) blankes was. Daar is bevind dat in 98 persent van die blanke gevalle die kanker voorgekom het op liggaamsdele wat voortdurend aan die son blootgestel is. Dieselfde het gegeld vir wit natuurelle, terwyl die swart natuurelle die velkanker op ander dele van die liggaam gekry het, meestal as gevolg van brandwonde of ontstekende swere. Dit toon dat die swart vel van die natuurelle 'n natuurlike filterreder vorm wat die liggaam teen die ultra violetstrale beskerm.

Velkanker kom hoofsaaklik voor by boere, matrose en ander

Vliegtuig Land en Styg soos Voël

Volgens die Amerikaanse handelsblad, Aviation Daily, het Pole met behulp van Rusland 'n vliegtuig op die proef gestel wat kan opstyg en land sonder dat 'n opstygbaan nodig is. Die vliegtuig is 54 voet lank en weeg 6,387 pond. Die vlerkwydte is 42 voet.

ARE WYS OUDERDOM BETER AAN AS JARE

Hoe oud is 'n mens? Blykbaar soveel-en-soveel jare. Die dokters sê 'n mens is so oud soos sy are aandui. Die probleem was egter nog steeds hoe om die mens se fisiologiese ouderdom te bepaal. Dr. Hardin Jones van die Universiteit van Kalifornië meen dat die oplossing geleë is in die hoeveelheid bloed wat deur die weefsels van die liggaam vloei. Hoe meer bloed vloei, hoe jonger is die liggaam.

Maar hoe moet die hoeveelheid bloed gemeet word? Dr. Jones stel eenvoudig vas hoeveel koolstufstof vrygelaat word in die spiere tydens oefeninge — en dan het hy die antwoord.

Toetse wat uitgevoer is het aan die lig gebring dat 25 kc. bloed per minuut deur een liter liggaam-weefsel van die gemiddelde agttienjarige vloei. Teen 25 jaar het die hoeveelheid reeds na 15 kc. gedaal en teen 35 jaar na slegs 10 kc.

Maar die hoeveelheid verskil geweldig baie van mens tot mens. Daar mag bv. net soveel bloed of selfs meer deur die weefsels van 'n gesonde 60-jarige mens vloei as wat die geval met 'n sieklike mens van 20 jaar sal wees. Dan sal die 60-jarige fisiologies net so oud, of selfs jonger wees, as die 20-jarige.

Die vasstelling van die fisiologiese ouderdom van 'n mens sal baie belangrik wees vir verskeringsmaatskappye en die nywerheid. Die nywerheid mag bv. liever 'n 60-jarige wat fisiologies jonger is as 'n 20-jarige in diens wil neem. Dit mag 'n hele omwenteling teweegbring op die gebied van aftree-ouderdom en pensioenskemas.

8,500 natuurelle is binne die eerste drie weke ná die verklaring van 'n noodtoestand op 20 Oktober in Kenia in hegtenis geneem, volgens die Britse minister van kolonies, Oliver Lyttelton, sy parlement meege-deel het. Van hierdie totaal is 2,871 weer vrygelaat na onder-vraging.

Man word Aap Ná Middernag

'n Man wat snags verander in 'n aap sover dit sy handelswyse betref, bevind hom op die oomblik in Londen. Bedags is hy heeltemal normaal, maar omstreeks twee-uur die nag staan hy op uit die bed en sluip in die bosse rond soos 'n aap. Hy grom soos 'n aap en is kwaai. In hierdie toestand klim hy in bome rond met 'n gemak wat ongelooflik is vir 'n persoon van sy ouderdom en pos-tuur. Sodra die dag breek, ont-waak hy en is dan weer normaal.

Sielkundiges wat hom onder-soek het, verklaar dat daar nog nie vasgestel kan word wat hom makeer nie. Hy verklaar dat hy uit Indië kom, en dat 'n onweerstaanbare drang na die oerwoud hom na middernag beetpak.

VEERTIEN BOKSERS STERF IN SES JAAR

Die veertiende bokser wat sedert die einde van die oorlog dood is as gevolg van 'n besering in 'n geveg, het onlangs gesterf. Hy is Nestor Jackson wat beseer is deur 'n Argentynse bokser in Buenos Aires. Kort tevore is 'n ander bokser oorlede nadat hy deur 'n Suid-Afrikaanse natu-reel, in die kryt bekend as Jake Tuli, met punte geklop is. Hy is die Franse voormalige vlieg-gewig-kampioen Honore Pratesi, wat aan bloeding op die harsings beswyk het as gevolg van 'n hou teen sy kop.

Jake Tuli, 'n Zoeloe het on-langs die Britse Rykstitel in die genoemde gewigafdeling ver-ower. Hy word as „baie gods-dienstig” beskryf, en het baie gehuil toe hy van sy teenstan-der se dood verneem.

Indië sal eersdaags begin met die vervaardiging van spuit-vliegtuie, volgens 'n berig uit New Delhi. 'n Fabriek sal aanstaande jaar begin produseer.

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

TARIEF:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwens-ing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 persent afslag.

Handelsadvertensies:

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (ver-skyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaal-baar. Stuur advertensiegeld, bestel-lings en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.

MEUBELS

MEUBELS.—Beter Meubels teen bil-liker pryse. Babawaentjies, stootkarre-tjies, driewiele, linoleums, tapye, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meid waarin u belangstel. — VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, Parow, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

HORLOSIES EN BRILLE

H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aan-dag. 19/9/TK

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

Die Voortrekker-Apteeke

Kerklaan, KAAPSTAD

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN

Besoek ons of skryf om besonderhede

OLIVETTI-OPTELMASJINE!

BESLIS DIE DOELTREFFENDSTE
MASJIE OP DIE MARK

Handmodelle £92.10.0

Elektriese Modelle £127.10.0

Nou in voorraad vir onmiddellike aflewering
SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.

Posbus 2117

Foon 2-7071

KEEROMSTRAAT 95, — KAAPSTAD

Beter Tabak

maak

Beter Sigarette

Kommando

ROBOTMENSE WAT NOG NIE VRA VIR 'N SIEL

Daar bestaan 'n sage van die Duitse digter Heinrich Heine, oor 'n meganikus wat daarin geslaag het om 'n kunsmens te fabriseer. Die kunsmens kon met sy hande werk soos 'n mens, hy het in sy bors van leer gevoelens omgedra en kon dit meedeel. Hy was geheel en al 'n gentleman, maar het nie 'n siel gehad nie. Hierdie outomaat het sy maker genader met die versoek: „Gee my 'n siel.” Die meganikus het na 'n ander land gewyk, maar oral het die outomaat hom agtervolg en gewee-klaag: „Gee my 'n siel. Gee my 'n siel.”

In 'n artikel pas dr. A. Kuipers van Amsterdam hierdie sage toe op die leer van die Russiese fisioloog, T. P. Pavlov. Hy staan op volkome evolusionistiese standpunt en ontken die bestaan van die siel. Daar is nie sielkunde nie: net fisiologie.

Vir Pavlov het die mens net „gekondisioneerde refleksie.” Dit verduidelik hy soos volg: Wanneer voedsel in die bek van 'n hond gesit word, dan vind die volgende plaas: deur die aanwezigheid van voedsel in die bek word die senuwees in die mond-slymvlies geprikkel, hierdie prikkeling of impuls gaan langs senuwede na die vreesentrum. Hiervandaan gaan 'n impuls terug na die speekselkliere, wat dan speeksel afskei. Hierdie proses word 'n aangebore, 'n onvoorwaardelike refleks genoem.

Pavlov het 'n hond geneem en sy bek teenoor die speekselklier oopgesny sodat die speeksel na buite afgeskei word. Hy het verder bevind dat indien mense enkele sekondes voordat die voedsel in die bek gesit is, 'n uurwerk aan die tik sit, dan sal die hond, na verskeie herhalings speeksel afskei, sodra die tik begin; dus sonder dat die mondslymvliese geprikkel is.

Onder normale omstandighede sal 'n hond geen speeksel afskei wanneer hy 'n uurwerk hoor tik nie, maar deur bostaande proses het die hond 'n gekondisioneerde refleks aangekweek waardeur 'n reaksie ontstaan deur die tik van 'n uurwerk in plaas van die prikkeling van die slymvliese. Die tik van die uurwerk word 'n gekondisioneerde prikkel genoem.

Pavlov beweer dat hierdie proses outomaties binne die hersings voltrek word, sonder gewaarwording, sonder bewussyn.

'N MASJIE

Ons gedagte gaan terug na die sage van Heine. Ons sien voor ons 'n dier, 'n hond, 'n Russiese Pavlov-hond in masjiengedaante, wesenloos en doodagtig. Ons sal as ons goed luister die dier hoor kla: „Gee vir my 'n siel! Toe, gee my 'n siel! Al is dit dan maar 'n doodgewone dieriesel!” 'n Grieselrige besigheid.



BIED UITKOMS AAN ELKEEN

Dit is in tyd van nood dat 'n mens jou eie mense soek
Dit is in tyd van nood dat 'n mens jou eie mense vind by

SANLAM

die grootste Afrikaanse Lewensversekeringsmaatskappy

HOOFKANTOOR: WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD.

Takke en agentskappe deur die hele Suidelike Afrika.

S/ALG1

Pavlov maak in sy beskouinge ook van die mens 'n masjien. In beginsel ontken hy die

Deur A. J. van Rooy

bestaan van lewe en gees. Daar is net 'n lyn van laere na hoëre bestaansvorme.

Wat moet ons met die mens aanvang? Die antwoord is: kondisioneer. Die gedrag van die mens moet deur gekondisioneringstegniek (soos met die Pavlov-hond) sodanig gevorm word dat al die goeie outomaties daaruit voortspruit. Selfs in die samegestelde menslike verbande ontdek Pavlov maar net gekondisioneerde refleksie van 'n bietjie hoër orde.

AMPTELIKE BESKOUING

Ons kan onself nou afvra: „Maar is hierdie beskouingswyse van Pavlov belangrik genoeg om daar so ernstig ag op te slaan?” Pavlov se mensbeskouing het vandag dié van die leidende, regerende groep in Rusland geword. In die binneplaas van die „Instituut vir eksperimentele Geneeskunde” te Leningrad pryk 'n standbeeld van 'n hond. Pavlov het self die plan van die monument goed-gekeur en het ook die teks opgestel van die twee ontroerende opskrifte. Op 10 Maart 1951 skryf Prof. Stoditsky onder die titel „Die grootste bioloog van die moderne tyd” onder meer: „Alle lewenservaring, geheue, gewoontes, neiginge word oorgesit in die taal van die gekondisioneerde refleksie.” Pavlov se mens is 'n kunsmens, 'n masjiemens, 'n robot.

Hierdie Russiese gedagte is deur Watson in Amerika ingevoer en dit was die begin van 'n sekere sielkunde onder die naam „Behaviorisme.”

In Rusland kan wetenskaplikes aangekla word voor die Akademie vir Wetenskappe weens „onjuiste, anti-pavlovistiese, onwetenskaplike stelling.” Die gevolg is 'n tereg-wysing van die kant van die Akademie — en saamloop met die ander.

Ons dink weer aan die sage van Heine. Sou dit die doel wees van die Sowjetmaghebbers om kunsmense te fabriseer sonder fabrieksfout, egte masjiemensse, wat selfs nie op die idee kan kom nie om hulle makers te smeek: „Gee ons tog 'n siel” nie?

Die sage bevat tog eintlik 'n afgryslige geskiedenis. Die verhaal van die Pavlov-honde en die Pavlov-mense is egte werklike geskiedenis wat in ons tyd afgespeel word. Nou! Tot dusver die artikel van Dr. Kuipers.

ROBOTMENSE IN S.A.?

Wat van Suid-Afrika? Is hier ook robotmense en kondisionering?

Ons het in die afgelope tyd snaakse, suspisieuse dinge belewe. Daar was 'n botsing tussen die parlement en die hof oor 'n grondwetvraagstuk en daar het die noodsaaklikheid ontstaan vir verdere wetgewing. Die betrokke minister is in hart en siel 'n Afrikaner en ons neem aan: met hart en siel 'n republikein. Hy was selfs die mede-opsteller van die konseppublikeinse konstitusie. Toe daar nou die tyd kom om veranderinge te weeg te bring, sou ons verwag dat hy die voorskrifte van sy hart sou volg en terugryp na sy eie ontwerp-konstitusie! Hy het dit nie gedoen nie — hy het gegryp na die voorbeeld van die staatsinstellings van Groot-Brittanje, „High Court of Parliament.” Was dit die voorskrif van sy verstand? Dit tog nie, daarvoor was die hele besigheid te onsinig! Was dit dan 'n gekondisioneerde refleks? Is hy al tot so 'n mate deur die parlement ('n Britse skepping) gekondisioneer dat hy outomaties 'n Britse neiging toon? Is Pavlov se beskouings dan tog reg en ook op hom van toepassing? Word parlamentslede in die parlement gekondisioneer? Is hulle maar net robotmense? Is die klokke wat hulle net kondisioneringsprikkels wat die outomate na hulle verskillende banke kan laat gaan om te stem? Is daar vir hulle spoortjies aangelê sodat hulle net na die banke kan beweeg waar hulle maker hulle graag wil hê?

STEM NET 'N REFLEKS

Keer op keer moet ons verneem dat die Kleurlingstemwet 'n twee-derde meerderheid kan kry as elke lid volgens sy oortuiging kan stem! Nou, waarom doen hulle dit dan nie, of is stem net 'n gekondisioneerde refleks wat aangebring word deur die lui van 'n klokke? Moet ons voor die parlamentshuis 'n standbeeld oprig vir die Pavlov-L.V.?

Ek herinner my dat 'n Nasionale L.V. my eendag meedeel het: „Voor ek Parlement toe gekom het was ek 'n republikein. Nou kom niks verder daarvan nie.” Wat was dit anders as 'n kreet: „Gee tog vir my 'n siel. Toe, gee my 'n siel, al is dit net 'n gewone Boeresiel!”

Ons het geen volksverteenoordigers nie — alleen maar outomate. Hulle spreek wat hulle maker sê. Hulle stem waar hulle maker stem. Die een maker het besluit dat hulle sal speel hulle is regters. Saam het hulle met hom regter gespeel. Die ander outomate het met hul maker tuisgeby...

Wat is die Parlement (a la Brittanje) tog 'n magtige faktor dat hulle mense so van hulle siel kan ontroof en van hulle gekondisioneerde mensrobotte maak!

Sal die dag nooit aanbreek nie, sal toestand in die land nie so erg word nie, dat hulle agter hulle maker sal aanloop en weeklaag: „Gee vir ons 'n siel. Toe gee vir ons 'n siel. Al is dit tog maar net 'n gewone Boeresiel. Toe gee vir ons 'n siel!”

OPPERHOOF BEREID TOT SAMESPREKING OOR RASSESKEIDING

'n Belangrike uittaling van die Swasie-opperhoof in verband met territoriale apartheid word in die Engelse pers berig. Hiervolgens sou hy die idee van algehele apartheid nie ongunstig gesind wees nie en hom bereid verklaar het vir 'n samespreking deur belanghebbendes suid van die Sahara.

Lewenskoste Al Hoër

Die lewenskoste styg nog steeds en die prysindeks het vir Oktober op 191.1 te staan gekom vergeleke met 190.3 in September en 185.3 in Augustus. In Junie 1951 was die prysindeks nog maar 170 — 'n styging van 20 punte in 16 maande.

Die Britse indekssyfer vir September was 136, wat toon dat die lewenskoste in Brittanje na verhouding aansienlik laer is. Die Britse syfers toon ook 'n daling teenoor die Suid-Afrikaanse styging. In Junie het die Britse syfer op 138 gestaan en in Augustus op 137.

MEEN HY DIT ?

„Indien die mense daar hulle nie wil hê nie, kan hulle nie daar bly nie,” het Nehru, Indiese eerste minister in 'n toespraak in Lucknow gesê met betrekking tot die Suid-Afrikaanse Indiërs. Hy het sy gehoor meegedeel dat die Indiërs in Suid-Afrika aangeraai is om in noue samewerking met die natu- relle te werk.

Die 54-jarige opperhoof, Sobhuza, het in sy persoonlike hoe-danigheid opgemerk dat hy „beindruk” is deur die plan vir algehele segregasie soos onlangs deur mn. Oswald Pirow in 'n Engelse koerant uiteengesit is.

„Die verhouding tussen wit en swart sal alleen duursaam en bevredigend opgelos word wanneer alle state en gebiede suid van die Sahara byeenkom, die saak bespreek en die een of ander formule vir optrede aan-vaar,” het hy gesê, en daaraan toegevoeg dat hy dit nog nie as te laat beskou om die saak te bespreek nie.

Daar is verantwoordelike natu- relleleiers wat bereid is om deel te neem aan samesprekings wat daarop gerig is om 'n metode te vind waarvolgens alle rasse in Suidelike Afrika harmonies kan saamlewe, het hy gesê. Daar moet 'n eenvormige natu- rellebeleid gevind word, aangesien teenstrydige beleide in aangrensende gebiede net tot wrywing lei.

Hy het onder die indruk gekom van die Pirow-plan as 'n voorbeeld van positiewe denke.

§ „DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die eienaars en uitge- wers, Voorslag (Edms.) Bepker, Grootte Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Het u al gedink aan 'n mooi

KERSGESKENK ?

WATTER GESKENK LÊ DIE NAASTE AAN ELKE AFRIKANER SE HART?

Bo alle ander dinge
DIE REPUBLIEK

Vanjaar kan U dit aan 'n vriend SKENK

LEES HIER ➡➡➡

Vanaf 14 Januarie 1953 sal Die Republikein, voor- loper van die Republiek, weekliks verskyn. Dis 'n onafhanklike koerant wat slegs die strewe van elke republikeinse Afrikaner sal bevorder. Intekengeld net 15/- per jaar of 7/6 vir ses maande.

Vul NOU meegaande opdrag in en skenk hierdie Kersfees die Republiek aan u vriende.

OPDRAG

Die Sekretaris, DIE REPUBLIEKIN, Posbus 1411, KAAPSTAD.

Ek sluit in om

Die Republikein vir maande te stuur aan:

Naam

Adres

Pos kwitansie aan bogenoemde en heg netjiese kaartjie aan om te sê dat dit 'n Kersgeskenk is van my.

Naamtekening